

## **Sing vooraf staande: Psalm 116:10 (p. 570)**

10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.  
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 66:1 (p. 320)

1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

## Geloofsbelijdenis: Nicea

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 119:7 (p. 587)*

Wet

## Psalm 119:7 (p. 587)

7 Help my, HEER, dat ek kan lewe; / dan wil ek u woord bewaar.  
Laat my oog aanskou die wonders / wat u wet my openbaar.  
Wat besit ek hier op aarde? / Niks is daar wat my behoort.  
Maar één ding, daarna verlang ek – / dis die rykdom van u woord.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 147:1 (p. 704)

1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!  
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!  
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou  
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.

Skriflesing: Sagaria 2. Lees ook Esegïël 9: 3- 6 en 11:23 asook Openbaring 21:1, 3

Teks: Sagaria 2:4b, 5

**Jerusalem sal lê soos 'n oop land weens die menigte van mense en vee daar binne-in. En Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in. (Sagaria 2:4-5 AFR53)**

*Geen mens kan vir die kerk grense trek nie. Die kerk kan ook nie ingeperk word nie. Dit is so omdat die Here kom, en Hy sal in sy wysheid besluit waar die grense van sy kerk moet wees, en dan trek Hy dit daar met sy almag.*

Esegiël het gesien hoe die Here padgee uit die tempel. Dit was nog voor die Ballingskap. Maar intussen het die Ballingskap gekom en gegaan:

- Die Here het die volk al klaar sewentig jaar lank met die Ballingskap in Babilonië gestraf.
- Intussen is die volk al weer twintig jaar lank terug in hulle land.

Nou wonder mens: Wat is die Here se houding nou teenoor die gelowiges?

- In Sagaria se eerste naggestig het die boodskappers gekla dat die kerk in die stilte van die graf lê.
- Die kerk is nie aktief nie, was hulle rapport.
- As mens net daarop moet oordeel, dan lyk dit asof die Here nog nie terug is in die kerk nie, want waar die Here is, is daar lewe!

Kom ons vra die vraag in konteks van die beeld van die Ballingskap en die terugkeer daarna: Is die Here nog altyd weg van sy volk af, of is Hy terug in die teenwoordigheid van sy kerk?

- Die tweede naggestig openbaar toe dat die Here inderdaad terug is in sy kerk!
- Hy verseker sy volk dat Hy hulle sal bewaar sodat hulle nie deur die krag en geweld van die wêreld ondergeploeg sal word nie.

Nou, in hierdie naggestig, gaan die Here nog 'n stap verder:

- Hy bewaar sy kerk so goed dat dit nie moontlik is om die kerk met grense vas te pen nie.
- God is aktief werksaam in sy kerk.
- Hy sal toesien dat sy kerk groei totdat dit volke insluit, met alles wat hulle het, selfs hulle vee.

Dit word baie aanskoulik voorgestel in hierdie naggestig. Eerste sien Sagaria 'n man met 'n maatband.

- Hierdie maatbande was dikwels in gebruik in Israel.
  - So 'n maatband kon byvoorbeeld gebruik word om opmetings te doen waar daar regspraak gedoen moes word oor grondbesit.
  - Hulle het dit ook gebruik om grondgebied af te meet wanneer dit aan 'n koper toegeken moes word.
  - Dikwels het hulle die soort maatband gebruik om grond op te meet wat van mense vervreem moes word om die een of ander rede.
  - Dit is ook altyd gebruik wanneer hulle geboue opgerig het.

In hierdie naggestig word dit gebruik om afmetings van 'n stad te doen.

- Jerusalem se mure moet weer opgebou word.
- Ons moet onthou dat Jerusalem se mure nog in die puin gelê het soos wat dit 90 jaar vantevore verwoes is.

Ons moet dit ook net in gedagte hou dat die naam Jerusalem hier in 'n dubbele betekenis gebruik word:

- In die eerste plek gaan dit oor Jerusalem in Sagaria se tyd.
- In die tweede plek gaan dit oor Jerusalem as die simbool van God se kerk. Met ander woorde dit gaan oor die kerk deur die eeue –
- totdat dit uiteindelik, in die derde plek, sien op die kerk in die hiernamaals: Die volmaakte, triomferende kerk.

Dus: Dit gaan oor die kerk:

- Hoe en wat die kerk nou is,
- en hoe dit gaan ontwikkel tot in die ewigheid.

Daarom is dit vir Sagaria nie net belangrik **wát** hierdie man gaan doen nie, maar ook **wáár** hy dit gaan doen. Daarom die vraag: Waar gaan ons heen? Die man antwoord sonder om te aarsel:

- Ek gaan Jerusalem uitmeet.
- Hy gaan die lengte en breedte van die nuwe muur afmeet.

Kyk na die man wat hier wegstap met die maatband: Dis nie 'n man wat dinge wil regmaak met praat nie. Dis 'n man wat sake reg **werk**.

- Hy wil die penne inslaan sodat hulle kan begin fondasies grawe en bou.
- Daarmee bereken hy ook die oppervlakte van die nuwe stad – die grootte van die kerk.
- Ons kan dit ook nog op 'n ander manier stel: Dit gaan hier oor die beplanning van die toekoms van die kerk, soos wat ons kerkraad dit ook van tyd tot tyd moet doen.

Die man van die naggestig is 'n man wat die belange van die kerk op sy hart dra. In vers 4 word hy 'n jong man genoem.

- Simbolies is dit iemand wat in die sterkte van sy lewe staan, en wat krag het om in te gooi vir sy kerk en sy belange.
- Hierdie jong man moet bereken hoe groot God se genade oor sy kerk sal wees.
  - Hoe groot gaan die Here sy kerk laat word teen die tyd dat die wêreld ondergaan?
  - **Dan openbaar die Here dat Hy sy kerk onberekenbaar laat groei onder sy beskerming.**

Daar word 'n hele paar dinge geopenbaar wat vertel hoe dit met die kerk sal gaan.

- Eerste word vir die jong man vertel dat hy maar gerus kan vergeet om die stad te probeer afmeet – God se stad kan nie gemeet word nie.
  - Enige afmetings sou beperkings oplê, en God se werk kan nie deur grense beperk word nie.
  - Hier breek die grense van ons gedagtes ook deur, want hier word die aardse Jerusalem meteens die hemelse Jerusalem – Jerusalem lê soos 'n oop land as gevolg van al die mense en die vee binne-in.

Verder word gesê dat die Here self die muur sal wees.

- God is die stadsmuur, en die stadsmuur is die simbool van beskerming.
- Destyds het die mense om elke stad 'n muur gebou sodat almal tydens bedreiging in die muur kon in vlug en die hekke sluit sodat die vyand buitekant moet bly.

*Hier belowe die Here dat Hy die muur rondom sy kerk en sy volk sal wees.*

- *Dit is 'n waarborg van God se oneindige beskerming en sy krag oor die wat syne is.*
- *Daarna openbaar die Here ook nog dat Hy tot heerlijkheid van die stad self ook binne-in die stad sal bly.*
- *God is daar oor en rondom almal.*

Ons het hier reeds die openbaring wat later in Openbaring 21:1, 3 weer herhaal is:

**En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.**  
(Openbaring 21:1 AFR53)

**En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. (Openbaring 21:3 AFR53)**

Die teenwoordigheid van die Here gee dus die nodige beveiliging en heerlikheid en lig in hierdie stad. Dit sluit aan by die tweede naggestig.

Ons moet nie dink dat die satan die gelowiges in die tyd van die wederkoms met rus sal laat nie. Ons lees in Openbaring 20:7-11 die volgende feite:

**En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. *En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel*, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.**

(Openbaring 20:7-11 AFR53)

Let op dat die Here iets ernstigs vir die kerk openbaar:

**en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. *En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel,...***

Daarom is dit nodig dat God sy stad beskerm.

- Die Here openbaar dat al die hel se magte saamspan teen die koninkryk van God, en dat hulle die stad Jerusalem omsingel.
- Dan gaan daar 'n vuur van God af uit, wat hulle almal verslind het.
- Hierdie vuur is ook terselfdertyd die eindoordeel.
- Saam met hierdie vuur wat van God af uitgaan, word die duiwel en die valse profeet in die poel van vuur gewerp.

Kom ons kyk nou weer na die inwoners van die stad. Daar is 'n menigte mense in. Vers 6 vertel dat daar mense van alle volke in sal wees.

Die Here beskryf hier die kerk in sy verantwoordelikheid:

- Die kerk moet dus ook sending en evangelisasie doen.
- Hier gee die Here baie duidelik opdrag: Ons moet die evangelie verkondig sodat mense bekeer kan word en die getalle van die kerk kan groei.
- Let daarop: Dit was nie die profeet Sagaria wat alleen hierdie bouwerk moes gaan doen nie. Dit was een van die **gewone** lidmate van die kerk.

Dit sluit aan by die Here Jesus se laaste opdrag aan sy dissipels:

**Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Matteus 28:19 AFR53)**

Daarom word hierdie jong man geopenbaar as een wat gereed en bereid is om te werk in die kerk van die Here.

Ons moet nie dink dat die tyd teen ons tel en dat dit tog nie waar kan word nie.

- In die tyd toe Sagaria die naggestig gesien het, was hulle feitlik in 'n oorlogssituasie met die volkere rondom gewikkel.
- Onder daardie omstandighede word nou geopenbaar dat die grense van Jerusalem so wyd sal lê dat daar ook vir hulle vyande staan- en blyplek in sal wees.
- Selfs die vyand kan tot bekering kom.

Ons maak almal gereed vir die Nuwe Jerusalem. Daar word ook planmatig gewerk deur die Here. Luister weer hoe die Here dit in sy openbaring bekendstel:

**En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet. En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. En hy het sy muur gemeet op honderd vier en veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is. En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. En die fundamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; (Openbaring 21:15-19 AFR53)**

Ons moet nou nie dat mense se praatjies en ons tydsomstandighede en wat alles nog ons gevegsmoraal vir die Evangelie van Jesus Christus van die kerf af laat gaan nie. Ons moet ons in lyn bring met wat God hier van sy kerk verwag.

Ons moet tog net baie goed verstaan dat dit nie hier gaan oor grense van volke, byvoorbeeld wit volke en swart volke, nie:

- Die mense aan wie hierdie openbaring gerig was, het almal een velkleur gehad.
- Daarby was hulle tale en kulture almal verwant.
- Ons het baie keer ook nog ander voorbehoude oor wie ons beskou as goed genoeg en wie nie.
  - Ons het byvoorbeeld dikwels 'n afgebakendheid oor status en stand.
- Die feit is dat God self besluit wie Hy binne die nuwe stad wil hê en wie nie. Ons moet net die vaandel van God se koninkryk altyd verder dra.

Ons moet altyd in gedagte hou wat Jesus vir die kerk op aarde gedoen het sodat ons uiteindelik God se stad in die hiernamaals kan wees.

- Hy het in Jerusalem gaan sterf.
- Jerusalem en haar mense het die Here verwerp, want hulle het gaan grense trek vir die kerk.
- Volgens hierdie grense is die Seun van die God toe van die kerk uitgesluit. Jesus sê baie hartseer dat Hy hierdie stad se mense wou bymeekaarmaak soos 'n hen haar kuikens, maar hulle wou nie.

**Hy het egter gesterf en opgestaan en God se straf gedra, sodat ons deur die gelowige aanvaarding van sy versoening burgerskap in die grenslose koninkryk van God en in sy stad – die Nuwe Jerusalem – kan kry.**

Onthou ons ook nog dat dit aan ons oorgelewer is dat die voorhangsel geskeur het die dag toe die Here dood is?

- Daarmee is die skeiding tussen die heilige en die allerheiligste opgehef.
- Ons het nou toegang tot die Here deur aanbidding.
- Ons kan in die gebed direk voor God gaan staan.

Toe is Sagaria se profesie ook 'n ent vervul, want die God wat Esegïel gesien weggaan het, het hier die oorsaak van sy vertrek, naamlik die sonde wat ons en Hom skei, weggeneem.

- Nou is ons die onvervreembare besit van God.
- Dit is so dat ons ook in die naggesig in daardie stad ingesluit was.
- Ons sal met die finale vervulling van God se raad oor die aarde opgeneem word om in die heerlijkheid van die Nuwe Jerusalem te gaan woon.

Kom ons prys die Here met alles wat ons het dat Hy soveel genade aan ons bewys dat ons ook inwoners van hierdie grenslose nuwe stad mag wees. Kom ons dra hierdie boodskap ywerig verder na dié toe wat dit nog nie gehoor het nie, en ook na die wat dit al gehoor het maar nog steeds nie verstaan nie.

**Amen.**

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 10-2: Onse Vader (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,  
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe  
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.  
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 29 Januarie 2006  
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 22 Julie 2012